191. T. 2 (3)

Dinee deur die Munisipaliteit, in samewerking met Universiteit, ter ere van afgevaardigdes na die Kongres van die Landbou-Unie van die Winterreënstreek, Stellenbosch, 21 Julie 1948.

(Praat in plek van die ~~[illegible]~~ Rektor namens die Universiteit).

I Verskoning vir die Rektor, wat nie aanwesig kan wees nie aangesien hy nog in die buiteland is. Tree hier as sy plaasvervanger op. Wil namens die Univ. v. Stellenbosch die afgevaardigdes na die Kongres baie hartlik welkom heet. Ons is bly dat ons met ons Stadsraad saam by die funksie kan saamwerk; bly dat ons afgevaardigdes in hierdie gebou van Univ. kan onthaal. Ons beskou dit vir ons as 'n voorreg en 'n eer.

Nie gebruik nie; tyd te kort.

II Ons weet ook nie of die afgevaardigde ook as 'n eer beskou nie. Univ.-professore is ook nie mense wat altyd baie goed aangeskrewe staan nie. Soms is hulle die onderwerp van heelwat ongunstige kommentaar. Sou onpraktiese mense wees wat dikwels nie meer in lewende aanraking met hulle omgewing leef nie. Hulle sou wees soos prof. Verstrooi van wie ons daagliks karikature van verstrooidheid en ongedagtigheid te sien kry.
Maar nie slegs prof. Verstrooi nie; ook van Stellenbosse professore het ons al mooi stories van verstrooidheid gehoor.

Een van hulle het die gewoonte gehad het om, as hy sy huis verlaat, 'n lei aan sy deur te hang, met die kennisgewing: „Prof. so-en-so nie tuis nie; sal so-of-so laat weer tuis wees." Een dag weer uit. Voor die tyd terug. Kyk op lei; kyk op sy horlosie, maar nog half-uur vóór tyd. Gaan geduldig op trappie voor die deur sit. Naderhand slaan sakhorlosie die betrokke uur. Staan op. „Dis tyd". Neem lei onder sy arm en stap daar binne.

As u ons professore so beskou, sal u miskien gladnie waarde daaraan heg dat ons u hier verwelkom nie. U moet maar aanneem dat ons nie almal só is nie.

III Daarom nie net van ons professore dat 'n mens sulke snaakse stories hoor nie. Ook van ons boerebevolking is dit die geval. En ook by name van ons boere in die winterreënstreek. Storie van 'n jong boer by Hermon. Flukse jong man. Besluit dat dit nou hoog tyd geword het om 'n maat vir die lewe te soek. Raak verlief op iemand na sy hart. Gaan ouers-vra. Ja, maar voorwaarde: hy moet 'n gedig maak. Vreeslike voorwaarde! Hoe sal hy ooit daaraan voldoen? Loop 'n paar dae agter sy ploeg. Probeer 'n gedig maak. Eindelik die oggend van die vierde dag het hy hom: „Ek neem my staf en ek sit dit dat dit plaf!" Loop heeldag agter ploeg en oefen. Aand weer voor ouers van aanstaande: „Ek neem my staf en ek sit dit neer!" Ouers: „Maar dit rym mos nie!" Hy:

„Kan nie help (as dit nou nie wil reën nie) nie; dit het heeldag gereën!"
Ons professore weet daarom ook nou weer van ons kant dat al die boere nie só is nie!

IV Die feit is vandag dat u en ons één is, en dat ons mekaar nodig het. U, boere van die winterreënstreek, en ons van Stellenbosch, ons is één en ons het mekaar nodig.
Iemand vertel 'n storie om te wys hoedat ons mekaar nodig het.
'n Boer van ~~[illegible]~~ Breërivier kom by 'n winkelier in Worcester. Wil 'n ~~[illegible]~~ baadjie koop.
Die baadjie het die winkelier in die groothandel £2 gekos. Aan die boer sê hy die prys is £5. Boer sê: hy hou van baadjie maar nie van prys nie! Winkelier sê: Goed £4.10. Dan £4; £3.10; £3.
Boer hou nog nie van prys nie.
Dan word winkelier senuweeagtig.
Gryp boer aan arm, sleep hom na die donkerste hoekie en fluister saggies in sy oor: Two pounds fifteen! Boer sê: Goed ek hou van baadjie, en hou ook nou van prys.
Maar sê my eers: Wat beteken hierdie sonderlinge vertoning? Winkelier antwoord: Mine frent, sien jy daardie klein mannetjie daar by die deur; hy is meine broder. Hy got heart disease. As hy hoor ek vat vir die baadjie two pound fifteen hy drop down dead op de spot!
Maar daardie boer het nou weer dikwels groot vragte brandhout aan hierdie winkelier in Worcester gelewer.
Dan stuur hy later die rekening

Nog later stuur hy dieselfde rekening tweekeer en dan betaal die ou winkelier ook maar. Maar op 'n keer kom hy dit agter. Woedend bevlie hy die boer: Waarom stuur jij my weer die rekening; ek het dit mos al laaste maand betaal! Boer kalm en bedaard: Ag toe maar, wat vaar jij nou voor? Dis niks nie. My seun het sy B.Comm. op Stellenbosch geneem en dis hulle nuwe boekhoustelsel van „double entry"!

V Ons is één, ons het mekaar nodig.

Ons is één. Eerste kolonisté by Stellenbosch. Drie jaar na hulle vestiging vra hulle reeds om 'n onderwyser vir hulle kinders. Die Hugenote by die Pêrel ses jaar later: nog onder hulle skermpies op die veld dan vra hulle al onderwys vir hulle kinders. Boere van ons Bolandse platteland het die waarde van die onderwys gou en goed besef. Resultaat: skole. Maar veral die Univ. van die Bolandse platteland hier op Stellenbosch. Seuns en dogters van oor die hele land, maar tog veral van ons Bolandse distrikte — u distrikte. En dis hoofsaaklik die Bolandse distrikte wat aan die Univ. v. Stell. die karakter gegee het wat hy vandag nog dra.

Ons het rede om te sê ons is met mekaar één.

VI Ons het mekaar ook nodig.

Hier aan die Univ. word daar voorsiening gemaak vir ontwikkeling

en opleiding op allerlei gebiede.
Een van vernaamste hiervan: landbou.
In 1882 reeds 'n landbouskool. [Eerste prospektus 1887] Prinsipaal: Fridolin Blersch — vader van ons huidige Stadsklerk. Voortgang in volgende jare. Groot Landboufakult. aan Univ. Uiteindelik: ~~Landbouskool~~ Stell-Elsenburgse Landbou-kollege v.d. Univ. v. Stell. met sy verskillende vertakkinge en aanverwante institute, waarvan die W. P. Vrugte-navorsingstasie die vernaamste is.
Studies uitgevoer en navorsingswerk gedoen wat van allergrootste belang vir boerdery in Winterreënstreek was en ook vandag nog is. En ook vir die toekoms sal dit metodes help vind en nuwe help lewer wat vir boerdery hier van groot diens kan wees. Ek dink ek kan sê: U het ons nodig.
Maar ons het u ook nodig. Ons aan die Univ. wil voel dat ons gedurig met u in kontak bly. Ons wil weet dat u belangstelling in ons het, en dat u ons vriende is. Ons wil die versekering hê dat ons ook op u simpatieke ondersteuning kan reken. Ons wil hê u moet ons help om ons Univ. sy karakter te laat behou wat hy deur die jare gehad het. Ons wil van ons kant baie openhartig sê: Ons het u ook nodig.

VII As ons besef dat ons één is en één moet bly, en dat ons mekaar nodig het en mekaar moet steun, sal ons die diens aan land en volk kan lewer wat 'n mens reg het om van die

tradisie-vaste ou Bolandse distrikte te verwag. En dan sal ons mekaar ook waarlik help groei en groot maak, want 'n persoon of inrigting of wat ook al is waarlik groot net na gelang hy geleer het om te dien. Laat ons mekaar hiertoe help.

VIII Mag u verblyf in ons midde gelukkig en aangenaam wees. Mag u verrigtinge suksesvol en vrugbaar wees. Dis die Universiteit van Stellenbosch 'n genoeë om u saam met die Stadsraad van Stellenbosch alle sukses op u Kongres en op die toekoms van die Landbou-Unie van die Winter-reënstreek toe te wens.

---